Goeie Nuus
Maandblad van die
Ned Geref Kerk Meyerspark
Jaargang 20 Nommer 10
November 2023

# Die interpretasie van die Bybel

## Daar is drie maniere om uit te vind wat die Bybel vir ons vandag sê (Skrifinterpretasie):

### 'n Tydlose lees

Hierdie manier van lees is gegrond op die oortuiging dat God vir ons ewige, tydlose waarhede in die Bybel gee. Dit is God se woorde aan ons en ons moet dit letterlik lees en toepas. Dit bly altyd dieselfde. Hierdie manier van lees hou verband met die siening dat God die Bybel op een spesifieke tydstip in die geskiedenis geïnspireer het (soos met die neerskryf van die verhaal). Die gereformeerde siening (waarvan die NG Kerk deel is) beskou egter 'n letterlike, tydlose lees van die Bybel as problematies en onvolhoubaar.

### 'n Kultuur-sensitiewe lees

Hierdie manier van lees beskou die Bybel as God se verhaal wat deur spesifieke mense in 'n spesifieke kultuur en tyd neergeskryf is. Hulle het in 'n ander tyd geleef as ons; daarom moet ons hulle leefwêreld en manier van dink verstaan om die Bybel te kan interpreteer. Die konteks van die Bybelverhaal is dus baie belangrik in die interpretasieproses. Voorbeelde van sake wat ons kultureel lees en nie meer letterlik toepas nie sluit in die besnydenis, slawerny, poligamie, vroue wat nie in 'n erediens mag praat nie en talle wette en strawwe wat in die Bybel opgeteken is. Ons verstaan dat baie van hierdie dinge in 'n spesifieke tyd en kultuur van toepassing was, maar dat ons tyd en kultuur verander het. Hier is dit belangrik om na die groter boodskap van die Bybel te kyk om te kan onderskei.

### 'n Deurlopende lees

Hierdie manier van lees is soortgelyk aan die kultuursensitiewe lees, maar daar is nog dinge wat bykom. Ons verstaan van die Bybel word verder beïnvloed deur die interpretasie van die geskiedenis en ons eie kultuur en tyd. Ons neem dus die konteks van die Bybel én die geskiedenis én ons konteks in ag. 'n Mens kan feitlik nooit jou eie "bril" raaksien nie, al speel dit altyd 'n rol. Die groter waarhede en "lyne" in die Bybel word saam gesoek om vir ons riglyne te gee vir hoe om vandag God se verhaal te verstaan en te herinterpreteer. Daarom verwag ons van die Gees om deurlopend vir ons sáám die Woord oop te breek.

# ONS SKEPPER - GOD

## Isabel Ballot

‘n Vlermuis vlieg by my sitkamerventer in. Ek kon sê hy het hom tuisgemaak, maar dit sou nie waar wees nie. Hierdie onwelkome besoeker vlieg eerder heen en weer, stamp teen die dak en mure; duik laag.

Suki my kat, raak histeries. Maar toe hy weer ‘n keer duik, het sy hom. Ek staan versigtig nader. Wat ‘n eienaardige skepsel. So op sy maag, met sy vlerke onder hom ingevou, sou ‘n mens nooit kon dan dink dat die indrukwekkende lugvertoning syne was nie.

Ek kyk aandagtig, en wat sou ek sien? Die mees volmaakte oortjies, soos die van ‘n teddiebeertjie.Die soort wat ‘n mens aan jou sleutelhouer sou hang. Ons het so ‘n kreatiewe God. Hier het ons ‘n diertjie wat vir die meeste skrikwekkend is, maar met die oortjies van ‘n miniatuur teddiebeertjie.

Kom ons kyk ‘n bietjie na Job en die skepping. (Job 38-41). God sê vir hom “Ek sal jou ondervra, lig jy My dan in. Hy vertel Job van die volstruiswyfie.“Die vlerke van ‘n volstruiswyie klap uitgelate … sy behandel haar kuikens sleg asof hulle nie haar eie is nie …” Nog ‘n sonderlinge voël, net heelwat aantrekliker as die soogdier-vlermuis.

So gaan God voort, en hy noem talle voorbeelde van sy skepping. En Job? Hy sê vir God. “Op hoorsê het ek van U verneem, maar nou het my oog U gesien. (Job 42:5). En ons? Kan ons sê “… nou het my oog U gesien …” want dit is onder andere in Sy Skepping wat ons Hom sien.

**Het jy geweet van die diere wat genoem word in Spreuke 30:24-28?**

**Gaan kyk gerus van watter diere hier gepraat word.**








# Nuus van die Vrouebediening

2023 was in vele opsigte 'n jaar vol hoogtepunte – daarvoor is ons ons Hemelse Vader innig dankbaar! Aan Hom alleen al die eer!
Dis nou tyd om voor te berei vir 2024.
TEKEN ASSEBLIEF DIE VOLGENDE DATUM AAN
(of sommer "save the date").
'n Hartlike uitnodiging na




## Konsert in die kerksaal op Saterdag 24 Februarie 2024

NOU is ons nog by Novembermaand – so 'n afskeepmaand wat dikwels verby gewens word – as die jaar tog net tot sy einde wil kom – of maak ons reeds planne vir die Feesgety. Vóór ons daarby uitkom, is hier 'n paar datums waaraan ons aandag kan gee:

## Interessante gebeure in November

- 1 November: Allerheiligedag - 'n Christelike vakansiedag - in Swede byvoorbeeld, is Allerheiligedag 'n amptelike vakansiedag en vind dit plaas op die eerste Saterdag van November.
- 3 November: Nasionale Kinderdag
- 10 November: Wêreld Wetenskapdag vir Vrede en Ontwikkeling
- 16 November:Internasionale Dag vir Verdraagsaamheid
- 21 November: Wêreld Televisie Dag
- 25 November: Internasionale Dag vir die Bekamping van Geweld teen Vroue
- Die Amerikaners vier "Thanksgiving" op die vierde Donderdag van November. Vir ons kan hierdie dag ook 'n "Dankbaarheidsdag" wees.

Terwyl ons dus gereed maak vir die Kersfeesmaand in Desember, laat ons dan in die dae wat kom veral aan hierdie sake dink en aandag gee waar en hoe dit moontlik is.
Groete van al die lede van die Vrouebedieningbestuur

# Belangrike Godsdienste van die Wêreld

## Jehova se getuies

**Hierdie is die vierde aflewering van die hoofkenmerke van verskillende wêreldgodsdienste in die Goeie Nuus, sodat ons lidmate vertroud kan wees met hoe voorstanders van hierdie godsdienste glo en dus meer voorbereid kan wees om 'n geestelike gesprek met hulle aan te knoop. Hierdie maand ondersoek ons die sekte Jehova se getuies**

Die Jehova se getuies is streng gesproke 'n Christelike sekte, omdat hulle in Jesus glo, maar op 'n verdraaide manier. Ons herken hulle veral vandag aan die groepe mense wat van tyd tot tyd in die strate rondloop en hulle leer van huis tot huis verkondig.

Die geskiedenis van die Jehova se getuies begin in die laat 19de eeu naby Pittsburgh, Pennsylvania in die VSA. Charles Russell en 'n groep studente het die Bybel bestudeer en verstaan dat "Jehovah", 'n weergawe van die Hebreeuse naam "Yahweh", die naam van God, die Vader is. Russell en sy volgelinge het uitgesien daarna dat Jesus 'n millenium, of 'n duisend-jaar periode van vrede sal begin. In hierdie "Goue Eeu" sou die aarde hervorm word tot sy oorspronklike reinheid, met 'n regverdige sosiale stelsel waar geen armoede of ongelykheid sou heers nie. Russell is in 1916 oorlede, maar sy groep volgelinge het voortbestaan en hulle naam "Jehova se getuies" is in 1930 amptelik aanvaar. Die oorspronklike Jehova se getuies het geglo dat dat die einde van wêreldse regering in 1914 sou aanbreek, waarvan die hoogtepunt die geveg van Armaggedon sou wees. Hulle het ook geglo dat Armaggedon spesifiek na die Berg Megiddo in Israel verwys, waar sommige Christene geglo het dat die finale geveg tussen goed en kwaad sou plaasvind. Die Jehova se getuies het egter geglo dat die stryd van Armaggedon wêreldwyd sou plaasvind, met Jesus wat 'n hemelse strydmag van Jehova se getuies sou aanvoer wat die vyande van God (veral Christene) sou verslaan. Hulle het verder geglo dat 144 000 getroue Christene, met Jesus aan die hoof, soos in die boek Openbaring beskryf, hierna oor die aarde sou regeer. Oor die jare na 1914, het Jehova se getuies die elemente van die tydlyn her-interpreteer en spesifieke datums vir die tweede koms van Christus voorspel, maar hulle sien nog steeds uit na die Goue Eeu wat Russell en sy volgelinge voorspel het.

In 1881 is die "Zion's Watch Tower Tract Society" in Pennsylvania gestig en is later herdoop na "Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania". Die organisasie se amptelike joernaal is "Zion's Watch Tower and Herald of Christ's Presence" en is die eerste keer in 1879 deur Russell gepubliseer.

Vandag is die joernaal in minstens 413 tale (insluitende Afrikaans) beskikbaar en dit word wêreldwyd versprei. Die amptelike webblad van die Jehova se getuies kan in 1,077 tale gelees word. Die huidige leier van Jehova se getuies wêreldwyd is Robert Ciranko.

Die Jehova se getuies het hulle eie weergawe van die Bybel (The New World Translation of the Holy Scriptures) en dit is ook in Venda, Afrikaans, and Xhosa beskikbaar.

Hier volg sommige van die hoofpunte van hulle geloof:

1. Die Heilige Naam: Jehova se getuies glo dat die enigste ware naam van God Jehova is. Ons glo egter dat God vele name het, wat in die Bybel voorkom, onder andere God Almagtig (Genesis 17:1), Here (Psalm 8:1) en Heer van die Leerskare (1 Samuel 1:3).

2. Die Drie-eenheid: Jehova se getuies glo dat die Drie-eenheid onbybels is omdat die term nie in die Bybel verskyn nie en omdat die Bybel beklemtoon dat daar slegs een God is. Dit is Bybels korrek dat daar slegs een God is, maar dit is ook waar dat 3 Persone in die Bybel as God aangespreek word, en Hy dus ‘n Drie-eenheid is: God die Vader (1 Pet. 1:2) , God die Seun (Heb. 1:8) en God die Heilige Gees (Hand. 5: 3-4). Elkeen van die Drie besit al die die eienskappe van Godheid en daar word ook in die Bybel verwys na die Drie-eenheid van God (Matt. 28:19; 2 Kor. 13:14).

3. Jesus-Christus: Die Jehova se getuies glo dat Jesus deur God geskape is as die aardsengel, Gabriël, voordat die huidige wêreld geskape is en dat Hy ‘n mindere, maar magtige god is. Maar die Bybel leer dat Jesus ewig God is (1 Joh. 1:1) en dat Hy dieselfde heilige eienskappe van God vertoon (Joh. 5:18) en ook dat Hy alles geskep het (Kol. 1:16).

4. Jesus se mensheid: Die Jehova se getuies glo dat Jesus slegs ‘n besondere mens was en nie God as mensheid nie. Maar die Bybel leer dat in Jesus “die volle wese van God beliggaam” is (1 Kor. 2:9). Inderdaad was Jesus Immanuel, God met ons (Matt. 1:23 en Joh. 1:1).

5. Die Opstanding van Jesus: Jehova se getuies glo dat Jesus nie liggaamlik uit die dood opgestaan het nie, maar slegs geestelik. Maar hierteenoor leer die Bybel dat Hy as mens opgestaan het (Luk. 24:39).

6. Verlossing: Jehova se getuies glo dat verlossing afhang van drie voorwaardes, naamlik geloof in Christus, geloof in en assosiasie met hulle kerk en gehoorsaamheid aan hulle leerstellings. Hulle glo ook dat die 144,000 “uitverkore getuies” reeds deur God uitverkies is. Daarenteen leer die Bybel ons dat verlossing slegs genade van God is, omdat Jesus reeds vir al ons sondes aan die kruis gesterf het.

7. Die Wederkoms: Jehova se getuies glo dat Jesus spoedig sal kom en dan sal die geveg van Armadeggon plaasvind – die finale geveg tussen goed en kwaad sal op aarde gevoer word. Dit sal, volgens die Jehova se getuies, ‘n wêrelwye kernoorlog wees waartydens die hele aardse bevolking uitgewis sal word en veral die hele Christendom, wat deel van die afvalliges is, daarmee saam. Terselfdertyd sal daar ‘n oorlog in die hemel tussen goed en kwaad gevoer word, tussen God en die Satan. Hierna volg die duisend jaar van vrede op aarde, maar die uitverkore 144 000 sal na die hemel weggevoer word, waar hulle saam met Jesus sal regeer. Die “ander skape” wat reeds gesterwe het sal saam met almal wat nog nie deur die Jehova se getuies bereik is nie (ook die wat reeds gesterf het), opgewek word om saam met die geredde “skape” in vrede te lewe. en die onbereiktes sal ‘n tweede kans hê om tot ander insigte te kom, maar na die duisend jaar sal diegene wat nog steeds nie die Jehova se getuies se boodskap aanvaar het nie, uitgewis word, terwyl die “ander skape” vir ewig in vrede op aarde sal lewe. Die Bybel leer ons egter dat die oorwinning reeds deur Jesus aan die kruis behaal is en dat die koms van Jesus oor die hele wêreld gesien sal word (Matt. 24:30). Redding is alleen genade van God en is reeds verdien deur Jesus se lyding en sterwe as finale offer vir die sonde, in ons plek.

8. Die Jehova se getuies glo dat daar nie ‘n hel is nie. Russell het gereken dat die idee van ‘n hel waarin ongelowiges vir ewig sal ly, nie strook met God se liefde nie. Hulle glo dat ‘n ongeredde mens se siel saam met hom sal sterf. In Engels praat hulle van “annihilation”; d.w.s uitwissing.

9. Klasse van gelowiges: Jehova se getuies glo dat daar 2 klasse gereddenes is – (1) die uitverkore gesalfdes (144,000), wat deur God uitverkies is as leiers en saam met Jesus in die hemel sal woon, en (2) die “ander skape”, wat op ‘n nuwe aarde sal woon. Hulle is ook die groep wat hard moet werk om hulle redding te verseker en is die groepe wat van huis tot huis evangelisasiewerk moet doen om hulle redding te verdien. Die Bybel leer ons egter dat alle gereddenes die hemel sal beërwe (Joh. 14:1-3) en dat almal op die nuwe aarde sal woon (Op. 21:1-4).

Jehova se getuies het ‘n geskiedenis van vervolging; hulle het geen politieke verbintenisse nie en hulle besweer geweld. Om die rede het baie Jehova se getuies gedurende die dae van verpligte militêre diens hulle diensplig in detensiebarakke (die berugte “DB”) geslyt omdat hulle geweier het om militêre diens te verrig.

Skattings is dat daar wêreldwyd ongeveer 8,7 miljoen amptelike lidmate van die Jehova se getuies kerke is (genaamd “Kingdom Halls”) – lidmate wat aktief betrokke is by amptelike werksaamhede van die kerk, naamlik dissipels wat tyd bestee aan aktiewe werwing van nuwe lede (vandaar die deur-tot-deur werwing) en waarvan ongeveer 78 000 amptelike lidmate in Suid-Afrika is. Dit word egter geskat dat soveel as 19,7 miloen mense wêreldwyd die jaarlikse herdenking van Christus se dood – “Memorial of Christ's death” – (die belangrikste gebeurtenis op die kalender van die Jehova se getuies) bywoon.



## ‘n Gebed vir Skoliere

**Outeur: Johannes Calvyn (1509-1564)**

O Here, U is die bron van alle wysheid en kennis. Dankie dat U vir my, terwyl ek nog jonk is, die kans gee om te leer hoe om ‘n heilige en eerbare lewe te lei. Maak my verstand helder, sodat ek sal verstaan wat ek in die skool leer.

Here, U beloof dat U wysheid en kennis sal gee aan dié wat aan U behoort en nederig en gehoorsaam voor U is; en U wil niks te doen hê met dié wat trots is en so baie van hulleself dink nie. Daarom vra ek, Here, dat U my sal help om nederig te bly, sodat ek sal kan aandag gee en leer. Dan sal ek ook gehoorsaam wees – aan U, en aan my onderwysers en my ouers.

Gee asseblief ook, Here, dat ek alle lelike gedagtes en begeertes opsy sal skuif. Ek wil graag net na U luister, en my voorberei om U eendag te dien op die plek waar U my wil gebruik.

# Hoe kan ons as ouers help met eksamenspanning

Hier is 'n paar vrae wat jy as ouer kan gebruik om jou te help om jongmense toe te rus om eksamenbeplanning te doen en ook ervarings te deel. Let wel - hierdie vrae word deur ouers toegepas om hul tieners te help.

**Vrae wat jy kan vra:**

- Kan ek jou help met jou skedule tydens die eksamen?
- Wat was vir jou hoogte- en laagtepunte vir die dag of week?
- Wie het jou die meeste aangemoedig vandag?
- Het jy jou doelwit bereik?
- Wat het deur jou gedagtes gegaan?
- Hoe het jy gevoel? En hoe voel jy nou?
- Het iets (van jouself) jou verbaas?
- Wat was vir jou verrassend?

Ouers moet ook bewus wees dat daar wel 'n mate van spanning as normaal beskou kan word tydens eksamentyd. Spanning mag baie keer ook ons liggame fisies beïnvloed bv. maagpyn, hoofpyn en slapeloosheid. Indien jy die onderstaande simptome raaksien, kan jy uitreik na hulle en vra hoe jy kan help. Indien dit hulle verhinder om elke dag te funksioneer in hul roetine en uitdagings, kan verdere kenners geraadpleeg word soos jou huisdokter:

- Onderbroke slaap
- Wisselmatige eetgewoontes
- Lae selfvertroue
- Verhoogde frustrasie of woede
- Hoofpyne, ekseem, of selfs veluitslag

# Vir die Jongspan

# Boeke van die Bybel

